

**29 Maart**

**Lyding ter wille van die evangelie is 'n eer**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 3:1-13**

**Fokusgedeelte: Efesiërs 3:13**

Paulus se huisarres, omdat hy die evangelie aan heidene verkondig het, het sy nie-Joodse lesers in Efese tot groot moedeloosheid gestem. Daarom bid hy dat hulle nie moedeloos moet word nie. Hy is wel nie by hulle nie, maar God is! Soos vir hom, moet dit ook vir hulle 'n eer wees dat hy om hulle ontwil ter wille van die evangelie ly (vs 13). Hulle moet eerder bly wees hoe meer hulle in Christus se lyde deel, want dan sal hulle oorloop van vreugde by sy wederkoms (1 Pet 4:13, 14).

Aan die woord is 'n man wat in staat is om ánder te bemoedig, en dit terwyl hulle eintlik vir hom moet bid! Dit kan hy doen, omdat hy weet God is in beheer van sy lewe.

Die enigste doeltreffende teenvoeter teen moedeloosheid is om naby die Here, die Bron van alle bemoediging, te lewe en op Hom alleen te vertrou. Nie sonder rede nie was van Jesus se laaste woorde aan sy dissipels om moed te hou, omdat Hy die wêreld klaar oorwin het (Joh 16:33).

Bemoedig jouself en ander met die onuitspreeklike heerlikheid wat op jou wag. Hou goeie moed. Jy sál blymoedig anderkant uitkom op grond van jou geloof in God! Sodoende sal jy 'n boodskap van hoop uitdra wat vér uitstyg bó die harde werklikheid waarin ons leef! Dis jou roeping en jou eer!

*Sing: Psalm 103:7*

*Dr. DR Fouché (Emeritus)*